| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B soos voorgeskryf deur die inhoudsraamwerk in die KABV dokument.**

2. ***AFDELING A*** bestaan uit ***DRIE*** brongebaseerde vrae. Die bronmateriaal wat benodig word om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG – OORSPRONG, KOUE OORLOG IN EUROPA
   VRAAG 2: AFRIKA IN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – ANGOLA
   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   ***AFDELING B*** bestaan uit ***DRIE*** opstelvrae.

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIëTNAM
   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO
   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

3. Beantwoord ***DRIE*** vrae soos volg:

   3.1 Ten minste ***EEN*** moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste ***EEN*** moet 'n opstelvraag wees.

   3.2 Die ***DERDE*** vraag kan 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

4. Die toepassing van kennis,vaardighede en insig word ook in die beantwoording van die vrae getoets.

5. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van bronne as antwoorde.

6. Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word vir die beantwoording van die vrae is in die ADDENDUM ingesluit.*

### VRAAG 1: HOE HET DIE EINDE VAN DIE TWEEDE WêRELDOORLOG DIE VERHOUDING TUSSEN DIE VSA EN DIE USSR NA 1945 VERANDER?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Identifiseer die DRIE staatsmanne waarvan daar gesê word dat hulle die grootste konflik in die mens se geskiedenis gewen het. (3x1) (3)

1.1.2 Haal 'n sin uit die bron aan wat aandui dat die konflik meer gebied as die Eerste Wêreldoorlog gedek het. (1x1) (1)

1.1.3 Hoekom word na die As-magte as 'Hitler se bende' verwys? (1x2) (2)

1.1.4 Volgens die bron, noem die DRIE lande wat meer vernietiging en slagoffers as die ander in die konflik gely het. (3x1) (3)

1.1.5 Hoe lank het die bogenoemde konflik geduur? (1x1) (1)

1.1.6 Lewer kommentaar oor hoekom Japan een van die ergste massamoorde van burgerlikes gedurende die konflik ervaar het. (1x2) (2)

**(12)**

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Definieer die term *Koue Oorlog* in die konteks van die bron. (1x2) (2)

1.2.2 Volgens die bron, watter tipes regering het die VSA en die USSR onderskeidelik in Pole vereis? (2x1) (2)

1.2.3 Gebruik jou eie kennis en verduidelik hoekom Pole die eerste toets van wantroue tussen die VSA en USSR was. (2x2) (4)

1.2.4 Lewer kommentaar oor hoekom Truman op selfbeskikking vir Pole na die Tweede Wêreldoorlog aangedring het. (1x2) (2)

1.2.5 Lewer kommentaar oor die beperking van hierdie bron vir 'n historikus wat die ontstaan van die Koue Oorlog na 1945 navors. (2x2) (4)

**(14)**

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskap van die spotprent met betrekking tot die rol van die VSA gedurende die Koue Oorlog. (2x2) (4)

1.3.2 Watter land doen ’n beroep op die beëindiging van die wapenwedloop, volgens die bron? (1x1) (1)

1.3.3 Lewer kommentaar op die uitdrukking “vir verdediging van vrye wêreld”. (1x2) (2)

**(7)**

1.4 Verwys na Bron 1D.

1.4.1 Volgens die bron, sedert wanneer het die USSR meer vasberade geword om sy eie kernwapen te ontwikkel? (1x1) (1)

1.4.2 Waarom was dit ironies dat die Supermoondhede op hul eie veiligheid wou aandring onder die teorie van Wedersydse Versekerde Vernietiging (MAD: Mutually Assured Destruction)? (2x2) (4)

**(5)**

1.5 Raadpleeg Bronne 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B verskil met betrekking tot die spanning tussen die VSA en die USSR na 1945. (2x2) **(4)**

1.6 Gebruik die inligting vanuit die bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die einde van die Tweede Wêreldoorlog die verhouding tussen die VSA en die USSR na 1945 verander het. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE UITBREKING VAN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG TUSSEN 1975 EN 1976 BYGEDRA?

Verwys na Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.1 Raadpleeg Bron 2A.

2.1.1 Noem die DRIE militêre bewegings wat vir die bevryding van Angola tussen 1975 en 1976 geveg het. (3x1) (3)

2.1.2 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, hoekom was Angola in 1975 onafhanklidheid toegestaan? (2x2) (4)

2.1.3 Verduidelik die begrip *Burgeroorlog* in die konteks van die faktore wat tot die Angolese Burgeroorlog gelei het. (1x2) (2)

2.1.4 Wat was die belangrikheid van die Alvor-ooreenkoms van Januarie 1975? (2x1) (2)

2.1.5 Wat was die hoofoorsaak van die Angolese Burgeroorlog? (1x2) (2)

**(13)**

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer die DRIE leiers van die bevrydingsbewegings van Angola gedurende die koloniale oorlog teen Portugal. (3x1) (3)

2.2.2 Haal EEN bewys uit die bron aan wat aandui dat die voorneme van die Alvor-ooreenkoms was om demokrasie in Angola bekend te stel. (1x1) (1)

2.2.3 Angolese nasionaliste het dit nodig gevind om “hul militêre posisie te bevries”. Waarom was dit ’n belangrike skuif? (1x2) (2)

2.2.4 Verduidelik waarom FNLA die militêre oorhand oor die ander bevrydingsbewegings in Angola gehad het. (1x2) (2)

2.2.5 Definieer die term *koalisie* in die konteks van die Alvor-ooreenkoms. (1x2) (2)

**(10)**

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Waarom is die Portugese koloniale standbeeld in Huambo op 12 November 1975 afgetrek? (1x1) (1)

2.3.2 Hoekom is hierdie bron bruikbaar vir ’n historikus wat die rede waarom die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976 uitgebreek het, ondersoek? (2x2) (4)

**(5)**

2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Lewer kommentaar oor die samewerking tussen Suid-Afrika en Portugal in Angola gedurende koloniale heerskappy. (2x1) (2)

2.4.2 Noem die TWEE Afrika lande wat deur Portugal gekolonialiseer is. (2x1) (2)

2.4.3 Verduidelik waarom Suid-Afrika en Portugal deur die VN in die 1960’s veroordeel is. (2x2) (4)

2.4.4 Waarom het Suid-Afrika in die Angolese Burgeroorlog ingegryp? (1x2) (2)

2.4.5 Lewer kommentaar oor die betroubaarheid van hierdie bron vir ’n historikus wat die faktore wat tot die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976 aanleiding gegee het, wil bestudeer. (2x2) (4)

**(14)**

2.5 Gebruik die inligting vanuit die bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik watter faktore tot die Angolese Burgeroorlog tussen 1975 en 1976 bygedra het. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE NASHVILLE SITSTAKING PROTESAKSIE DIE LEWENS VAN GEWONE AFRO-AMERIKANER STUDENTE IN DIE VSA IN DIE 1960's BEÏNVLOED?**

Verwys na Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord..

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Identifiseer TWEE organisasies in die bron wat die Nashville sitstaking gekoördineer het. (2x1) (2)

3.1.2 Wie, volgens die bron, was die TWEE studente wat as die belangrikste leiers van die plaaslike beweging na vore getree het? (2x1) (2)

3.1.3 Definieer die begrip *sitstaking* in die konteks van die Nashville sitstaking. (1x2) (2)

3.1.4 Identifiseer EEN winkel in die bron wat gedurende die sitstaking geteiken is. (1x1) (1)

3.1.5 Lewer kommentaar oor die implikasie van die frase 'morele reg' in verband met die winkeleienaars wat geweier het om Afro-Amerikaner studente in die 1960's in Nashville te bedien. (2x2) (4)

**(11)**

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer VYF winkels wat deur studente op 26 Maart 1960 beset is. (5x1) (5)

3.2.2 Hoekom dink jy het die studente hierdie areas tussen 2 nm. en 4.30 nm. beset? (1x2) (2)

3.2.3 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, hoekom het die bron die ouderdomme van die studente wat gearresteer is, bekend gemaak? (1x2) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van Bron 3B vir 'n historikus wat die sitstaking in Nashville op 26 Maart 1960 navors. (2x2) (4)

**(13)**

© SACAI KOPIEREG

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Lewer kommentaar oor die stelling "*Ons is nie bereid om 'geïntegreerde fasiliteite' te aanvaar, terwyl 'slegs vir blankes' toonbanke gehandhaaf word nie*." (1x2) (2)

3.3.2 Wat, volgens die bron, was die effekte (gevolge) van die sitstakings in Nashville? (4x1) (4)

3.3.3 Aan watter universiteit was die skrywer van die artikel verbonde? (1x2) (2)

3.3.4 Hoekom, volgens die bron, is Jim Lawson uit die Vanderbilt Divinity School geskors? (1x2) (2)

**(10)**

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik waarom dit belangrik was om die foto te publiseer. (1x2) (2)

3.4.2 Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, hoekom was die toonbanke gesluit? (1x2) (2)

**(4)**

3.5 Vergelyk Bronne 3C en 3D. Verduidelik hoe die inligting oor die Nashville sitstaking in Bron 3C van die bewyse in Bron 3D verskil. (2x2) **(4)**

3.6 Gebruik die inligting vanuit die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Nashville sitstakings die lewens van die gewone Afro-Amerikaanse studente in die VSA gedurende die 1960's beïnvloed het. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING B: OPSTELLE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Jou opstel moet omtrent DRIE bladsye lank wees.*

**VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIëTNAM**

Die konvensionele oorlogvoeringstrategie wat deur die VSA gebruik is, is deur die guerillataktiek wat die Viëtkong gedurende die Viëtnamese Oorlog tussen 1963 en 1975 gebruik het, oorrompel.

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante bewyse om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO**

Gee 'n kritiese bespreking van hoe Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese en sosiale beleide onsuksesvol was om die Kongo na onafhanklikheid in 1960 te ontwikkel.

Gebruik relevante bewyse om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

Verduidelik na watter mate die Swartmagbeweging (BPM) suksesvol was om gedurende die 1960's trots en eenheid onder Afro-Amerikaners in die VSA te bevorder.

Gebruik die relevante voorbeelde om jou argument te ondersteun. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]

© SACAI KOPIEREG